

# KLEUTERGENOT KLEUTERSKOOL

## Algemene reëls soos vervat in die inskrywingsvorm



### ALGEMENE REËLS

Ons as personeel dra die belange van elke kind op die hart en in samewerking met die ouers kan elke kind sy/haar volle potensiaal bereik in 'n omgewing van geborgenheid en liefde. Kommunikasie tussen ouer/s en die skool word hoog aangeskryf. Voorstelle en ondersteuning is altyd welkom en word waardeer. Ons is ook opgelei om bystand te lewer en waar van toepassing om ouers en kinders na ander professionele mense te verwys. Gebruik gerus die geleentheid.

- 1- **Godsdiensoonderrig:** Godsdiensoonderrig is 'n integrale deel van die skool en behoort te alle tye gerespekteer te word.
- 2- **Skoolure:** Skoolure is van 06:30-17:30, skoolvakansies ingesluit, gesluit oor Kersreses. Amptelike onderrigtyd begin 08:00 met Godsdien. Laatkommers wag asseblief buite tot aan die einde van die les voor die klas betree word om onderbreking te beperk. Boetes is onmiddellik betaalbaar vir enige kinders wat na 17:30 gehaal word.
- 3- **Ingeskrewe kleuters:** Slegs kleuters wat ingeskryf is by Kleutergenot mag die skool bywoon. Om optimale, onverdeelde aandag aan ingeskrewe kinders te gee, word geen besoekers geakkommodeer nie.
- 4- **Afwesigheid:** Gereelde afwesigheid en laatkommery lei tot agterstallige leer. Probeer asseblief om afwesigheid weens enige ander redes as siekte tot die minimum te beperk.
- 5- **Take:** By ouer kleuters mag daar take gegee word om tuis te voltooi. Wees asb deurentheid bewus van notas en vra gerus die betrokke juffrou vir inligting in hierdie verband, dit is alles tot jou kind se voordeel. Probeer asseblief om soveel moontlik ouerdae en ouer-ondersteuningsessies by te woon om in voeling met gebeure te bly.
- 6- **Addisionele aktiwiteite:** Inskrywing vir addisionele aktiwiteite word op 'n aparte inskrywingsvorm hanteer.  
**Ingeslote aktiwiteite:** Die volgende aktiwiteite is wel ingesluit by die skoolfooi:
  - o Gespesialiseerde sport en liggaamsoefeninge (Babas tot Graad R)
  - o Individuele foto's en groepsfoto's deur die jaar (Babas tot Graad R)
  - o Musiekwaardering (Babas tot Graad R)
  - o Flinkdink (Graad 000 tot Graad R)
  - o Blokfluit, Koor, Addisionele Afrikaans, Rekenaarklasse (Graad R kurrikulum)
- 7- **Positiewe houding:** Dieselfde positiewe houding teenoor die skool word van ouers en personeel verwag as wat van die kinders verwag word. Vermoeg asseblief negatiewe gesprekke oor personeel voor jou kind, dit mag lei tot 'n verkeerde houding teenoor skoolgaan, wat die kind oor die langtermyn gaan benadeel.
- 8- **Regte:** Die skool respekteer 'n kind se regte soos uiteengesit in die Konstitusie van die Republiek van Suid Afrika, in besonder die reg tot menswaardigheid, persoonlike privaatheid, en regverdigheid. Strafmeganismes is gebaseer op ontneming van voorregte en die skool sal streef na uiterse konsekwentheid en regverdigheid in hierdie verband.
- 9- **Trauma:** Bespreek asseblief enige trauma of emosionele spanning met betrekking tot jou kind met die hoof of betrokke juffrou. Dit kan 'n geweldige impak op normale funksionering en leer hê en wanneer ons die rede vir optrede verstaan kan ons makliker die nodige ondersteuning gee.
- 10- **Gedrag:** Anti-sosiale gedrag word ernstig opgeneem. Indien hulp nie ingewin word, of gedrag nie verbeter nie, mag die gevolg wees dat 'n ouer gevra word om die kind uit die skool te neem. Geen kind verdien om te ly onder sy/haar eie of ander se gedragafwykings nie.
- 11- **Regverdigheid:** Indien u op enige stadium voel dat u kind onregverdig behandel word, bespreek dit asseblief met die hoof. Vermoeg aantygings sonder al die feite aangesien daar maklik 'n verkeerde indruk mag ontstaan.
- 12- **Voeding:** Ons glo dat goeie voeding 'n wesenlike bydrae tot 'n kind se breinontwikkeling lewer. Ons volg dus 'n dieetprogram wat deur 'n dieetkundige opgestel is en verwag van ouers om ook tuis goeie eetgewoontes, insluitend tafelmaniere, te kweek. Geen eet of drinkgoed (behalwe melkbottels) word op die perseel toegelaat nie. Probeer asseblief om ook tuis sover moontlik die inname van items soos gaskoeldrank, Oros, rooi koeldrank, lekkergoed, skyfies, koekies en verwerkte kos (bv rooiworsies) te minimaliseer.
- 13- **Partytjies:** Geen partytjiekakies, koeke, geskenke en ander vermaak word toegelaat nie. Indien verkies, mag die volgende die oggend van die partytjie by die kantoor gelaat word: +- 24 Kolwyntjies en/of 1 pak lekkers (+- 24 eenhede) en/of 1 pak skyfies of springmielies. Oormaat lekkergoed sal aan die ouer terugbesorg word.
- 14- **Skoolklere:** 'n Kind leer die beste deur te speel en gemaklike, gemerkte kinderklere is gepas. Een Gratis skool T-hemp per jaar word verskaf. Los asseblief die hoë-hakskoene, krale, hang oorbelle, ander bykomstighede en duur uitrustings tuis. Smeer asseblief sonblok aan voor skool en stuur 'n gemerkte hoed saam.
- 15- **Speelgoed:** Ons bestee fondse aan goeie, opvoedkundige speelgoed. Laat asseblief alle persoonlike speelgoed tuis.
- 16- **Na-uurse kontak:** Respekteer asseblief die privaatheid van die personeel en ander ouers en vermy na-uurse kontak in verband met skoolaangeleenthede. Afsprake met individue moet deur die kantoorpersoneel gemaak word. Geen kontaknommers van personeel of ouers sal beskikbaar gemaak word nie.
- 17- **Persoonlike besonderhede:** Verwittig asseblief die skool van verandering in enige persoonlike besonderhede soos adres of telefoonnommers.
- 18- **Foto's:** Foto's van kinders in hulle skoolomgewing mag van tyd tot tyd gebruik word. Dit waarborg nie dat 'n foto van elke kind gepubliseer sal word nie. Rig asseblief 'n skriftelike versoek as jou kind se foto nie op enige materiaal mag verskyn nie.
- 19- **Eiendom:** Respek vir ander en ander se eiendom begin by selfrespek. Leer dit asseblief vir jou kind van 'n vroeë ouderdom, aangesien dit die res van sy/haar lewe van ongelooflike waarde gaan wees.
- 20- **Aanspreeklikheid:** Die skool word nie aanspreeklik gehou vir enige persoonlike verlies en verlies of skade aan eiendom nie, ons stel voor dat genoegsame persoonlike versekering uitgeneem word om enige onkoste te dek.

## IN GEVAL VAN SIEKTE

- 1- Medikasie en die toediening daarvan bly steeds die verantwoordelikheid van die ouer.
- 2- Siek kinders maak ander kinders siek. Geen kind met enige siekte erger as ligte verkoue sal by die skool toegelaat word nie. In die geval van ligte verkoue moet gepaste medisyne, verpak soos hieronder beskryf, saamgestuur word. Alle moontlike voorsorgmaatreëls moet getref word om verspreiding van siektes te minimaliseer.
- 3- Laat die kantoorpersoneel asseblief vroegtydig weet indien jou kind siek is.
- 4- 'n Doktersbrief word deur die skool vereis indien 'n kind langer as 'n dag siek is.
- 5- Geen hoesmiddels en/of vitamines mag skool toe gestuur word nie.
- 6- Indien die kind wel 'n dosis antibiotika in die middag na ete moet kry, moet dit opgetrek in 'n spuit (die regte hoeveelheid) en in 'n bakkie of plastieksakkie duidelik gemerk, instruksies ingesluit, saamgebring word.
- 7- Skryf in die klas se medisyneboek en teken daarby. Op hierdie manier het die skool die nodige skriftelike toestemming om die medikasie toe te dien.
- 8- Geen medikasie mag in die tasse van die kinders gelaat word nie.
- 9- Die Kleuterskool gebruik die volgende medisyne indien nodig: Panado en Ponstel vir pyn en koors, Allergex vir allergieë, Scopex en Hyospasmol vir maagpyn.
- 10- Dit is die skool se beleid om dadelik in verbinding met die ouers te tree indien kinders siek word. Die hoof of waarnemende personeel is gemagtig om *in loco parentis* op te tree wanneer ouers nie bereik kan word nie, veral in die geval van onmiddellike mediese behandeling wat deur die hoof of waarnemende personeel nodig geag mag word.

## TOESTEMMING VIR NOOGEVALLE

Indien ons as ouers van bogenoemde kind weier om toestemming te verleen vir enige van die behandelings en of prosedures, vrywaar ons hiermee Kleutergenot van enige gevolge hetsy voorsien of onvoorsien as gevolg van ons as ouers se weiering.

## VERVOER DEUR 'N DERDE PARTY

- 1- Indien u kind deur 'n ander persoon vervoer word, moet skriftelike toestemming deur 'n wettige ouer gegee word.
- 2- Geen biologiese ouer of wettige voog sal redelikerwys toegang tot sy/haar kind geweier word, tensy daar 'n hofbevel op die skool se rekords is wat toegang weier nie.

## SEKURITEIT

Toegangsbeheer, alarms en patrolering deur 'n sekuriteitsmaatskappy verhoog die skool se sekuriteit. Maak asseblief seker dat die sekuriteit nie in die gedrang kom as gevolg van nalatigheid nie. Dit is belangrik vir ons kinders se veiligheid dat alle hekke toegemaak word deur persone wat die perseel betree of verlaat.

## BETALINGSVOORWAARDES

- 1- Die persoon wat 'n kind inskryf is verantwoordelik vir die betaling van klasgelde.
- 2- n **Registrasiefooi** betaalbaar met inskrywing vir nuwe kinders (nie terugbetaalbaar)
- 3- Een kalendermaand skriftelike kennis moet gegee word indien 'n kleuter se bywoning gedurende die jaar gestaak word. Geen kennis word na die 1ste Oktober aanvaar vir die betrokke jaar nie.
- 4- Fooie is van Januarie tot Desember streng vooruitbetaalbaar per debietorder op die eerste van die maand.
- 5- Indien die volle jaarfooi teen einde Januarie vooruitbetaal word, word afslag van een maandfooi toegestaan.
- 6- Indien 'n kleuter wat die volle jaarfooi vooruitbetaal het weggaan, sal 'n herberekening gemaak word, gebasseer op die gewone fooi en die kredietbalans terugbetaal word.
- 7- Agterstallige rekeninge word ingedien by prokureurs vir invordering en ouers is dan verantwoordelik vir regskostes.
- 8- Alle kleuters se fooie sal oor 12 maande betaalbaar wees.

## BETAALMETODES VIR SKOOLFOOIE

- 1- GEEN KONTANT OF TJEKS NIE.
- 2- Daart word van 'n debietordervorm gebruik gemaak word vir betaling van fooie.
- 3- Inligting in verband met betaling van addisionele aktiwiteite word op 'n aparte inskrywingsvorm uiteengesit.